# Katartismos

Volume IX | NR 2 | **2020** |

**© 5 Oktober 1956 deur J. F. Landmann**
Alle regte voorbehou, insluitend vertaling. Geen gedeelte van hierdie dokument mag weergegee word of nie versend in enige vorm of op enige manier, elektronies, meganies, fotokopiëring, opname of andersins.

**Nuusbrief van EKD Genesis**

Digby Straat 382, Sinoville, Pretoria
Tel: +27 12 543 0333, Faks: +27 12 567 7010
E-pos adres: forum@ekdgenesis.com
www.ekdgenesis.com
**EKDGENESIS PBO NR: 18/11/13/1335**
Redakteur: Cedrie van de Ven

# BOU DIE HUIS VAN GOD

Die wêreldwye Covid-pandemie het tot nou toe 'n groot invloed op ons almal se lewens oor 'n wye spektrum uitgeoefen. Dit stop egter nie hier nie, want ons weet dat daar vorentoe nog vele uitdagings op ons wag. Die inperking en meegaande beperkings, wat geplaas is op, onder meer kerkdienste en gemeentelike byeenkomste, was en is, 'n groot uitdaging vir alle gemeentes en gelowiges. Ek glo dat baie van ons geworstel het met die vraag waarom dit gebeur het. Waarom die Vader dit toegelaat het dat ons in hierdie situasie verkeer. Ek glo egter ook dat die profetiese verloopstruktuur van God se ewige raadsplan steeds presies in lyn is met dit wat die Vader beplan het. Die vraag, en dus die uitdaging, is dan: "Wie weet wat God se plan en rigting vir gelowiges is en hoe pas ons daarby aan om in gelid met God te beweeg sodat Hy Sy ewige raadsplan kan voltooi?"

Vandag wil ek die woorde van Moses aanhaal soos in Ex 4:10, ***"Ag, Here, ek is nie 'n man van woorde nie"***. (Ek het al baie gewens dat ek met woorde kon skilder.)

Genadiglik is ek 18 jaar gelede met die profetiese bediening gekonfronteer en het my pad saam met EKD Genesis begin. Ek het bekend geraak met opdragte waarvan ek nie altyd gehou het, of op daardie tydstip verstaan het nie. Gedurende hierdie tyd is ek male sonder tal uitgedaag en gekonfronteer met die woorde: "Wat hoor jy?", "Wat sien jy?", "Wat ervaar jy?". Deur alle eeue kom daar egter steeds die profetiese woorde, direk vanaf die Vader, deur Sy profete en deur die profetiese bediening. So praat Hy met ons! "Wie ore het om te hoor." Of "Mensekind, so sê die Woord van die Here!" of "Gaan sê vir My volk".

Toe die profetiese opdrag dus, aan die einde van Augustus, kom dat die huis van die Here gebou moet word, met die versoek dat die leierskap die boek Haggai en Sagaria in hierdie verband moet bestudeer, het ek gedoen soos die Woord van God ons leer. Ek het op my knieë gegaan, die Heilige Gees gevra om my geestelike oë te open, en my die verligte oë van die verstand te gee om te kan "sien" en verstaan wat dit is wat Hy vir ons nóú wil sê.

God is totaal onpartydig - wanneer ons op Hom wag, praat Hy met ons, maak nie saak wie ons is of hoe welsprekend ons is nie. Ons moet onthou dat die omvang van God se Woord nie altyd deur mense verstaan kan word nie. Daar is baie openbaringskennis wat vir die kerk verborge is en op die regte tyd deur die Heilige Gees geopenbaar sal word aan God se Kerk. Ons moet ook onthou dat elke gemeente met sy herder of leraar met 'n spesifieke opdrag en mandaat geroep behoort te word. So dan het ons by EKD Genesis so 'n spesifieke mandaat en dit wel om die weg voor te berei vir die wederkoms van Christus. 'n Tipiese Elia bediening.



Ons het vir hierdie tydsgleuf, die woord ontvang om die huis van God te bou. Met die spesifieke mandaat vir ons gemeente in gedagte, en met die tema: "Bou die huis van God", én wat God nou vir die gemeente sê, in my gees, het ek die boek Haggai en Sagaria begin bestudeer.

Dit is baie belangrik om te onthou dat die Woord van God ewigdurend is. Dit is dalk geskryf vir Israel in die tyd van hulle Babiloniese ballingskap, maar dit hou geweldige profetiese rigtinggewing in vir die toekoms - die tyd waarin óns lewe. Ook, sou die Here Jesus versuim om te kom, vir generasies ná ons.

Die eerste gedagte wat dalk kan ontstaan, is dat hier nou nog 'n bouprojek aan die kom is. EKD Genesis is 'n huiskerk gemeente wat vanuit drie aangrensende eiendomme bedien word, en toerusting aan leierskap oor 'n breë spektrum, nasionaal en ook internasionaal, verskaf.

Die Heilige Gees het egter gou God se boodskap vir die huidige oopgebreek. Dit, wat meer as 2500 jaar gelede as rigting aan God se volk van daardie tyd meegedeel is, deur Haggai en Sagaria, vertrou ek om ook onder leiding van die Heilige Gees, van toepassing op die huidige waar te maak.

***Hag 1:1 "In die tweede jaar van koning Daríus, op die eerste dag van die sesde maand, het die woord van die HERE deur die diens van die profeet Haggai gekom tot Serubbábel, die seun van Seáltiël, die goewerneur van Juda, en tot Josua, die seun van Jósadak, die hoëpriester."***

Die Woord van God kom tot ons deur die dienswerk van Sy profete. Hulle is die rigtingwysers, God se hoorbare stem aan Sy gemeente of die volk. Let daarop dat bogenoemde skrif sê dat die profeet ook gespreek het tot Josua, die hoë priester. Dit beteken nie dat ek en u, nie ook God se stem kan hoor nie, maar wel dat God Sy spreekbuis nl. die profete gebruik om Sy spesifieke Woord of rigting vir 'n spesifieke tydstip aan 'n spesifieke persoon, groep, volk of die wêreld, oor te dra.

Haggai wys in Hag 1:5,7 daarop dat ons moet ag gee op wat ons wedervaar het. Die King James vertaling sê: *"consider your ways."* Die Hebreeus praat van selfondersoek, 'n toewyding tot en om regtig jou hart in die saak te sit. Die klem in hierdie saak lê egter daarop dat God vra of ek nie harder aan my eie huis bou of gebou het, as aan die huis van God nie. Die vraag word ook gevra of dit nie dalk die rede is vir my onvermoë om in my eie aardse behoeftes te voorsien nie, (my stukkende beurs) want ek stel my eie behoeftes voor die van God. (Ek bou eerder aan my eie huis as God se huis) Vers 10 is dus die antwoord op die vraag in vers 4:

***Hag 1:4 "Is dit vir julle self wel tyd om in julle betimmerde huise te woon, terwyl hierdie huis in puin lê?"***
***Hag 1:10 "Daarom het die hemel bo julle die dou ingehou en die aarde het sy opbrings teruggehou.***"

Wanneer ek dan die Woord gehoor het en selfondersoek gedoen het en my hart in die saak gesit het, kom die Here en wek ons gees op. Hag 1:14 sê God wek dan almal se gees op om te bou aan Sy huis. Ek moet myself egter ondersoek of ek rein of onrein is. Want my onreinheid beïnvloed almal saam met wie ek bou. (Hag 2:12-14.) Daar is 'n gemeente vasdag uitgeroep in ons gemeente gedurende hierdie tydperk, wat dalk die belangrikste vasdag ooit was. (Hag 2:17.) Dit voel dalk vir baie van ons of ons sukkel, niks bereik nie, agteruit boer, maar verneder ons onsself regtig onder die kragtige hand van die Here?

Die glorie van die huis van God lê nie in goud of silwer of edel gesteentes nie. (Dit waaruit die tempel van Salomo bestaan het.) Maar wel in die Gees van God wat in ons woonagtig is. Ten spyte hiervan sê die Woord dat die toekomstige heerlikheid van hierdie nuwe huis sal groter wees as die vroeëre. Hag 1:8 sê ***"klim op die berg en bring hout aan en bou die huis."*** Daar word nie baie van my gevra nie. Dit laat my terugdink aan Abraham wat Isak op die berg moes gaan offer. Isak wou weet waar is die lam dan? Is ek bereid om die lam te wees en myself op die altaar te plaas?





***Om die huis van die Here te bou vra 'n "toegeruste volk" volgens Luk.1:17 - Leierskap klinieke word by EKD Genesis aangebied waar lering en geestelike toerusting die fokus is.***

Of moet die lam altyd iemand anders wees wat die offer moet bring?

1 Pet 2:5 leer ons dat ons die lewende boustene in die nuwe tempel van God moet wees. ***"... en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus."***



***Groepbespreking tydens die Internasionale Leierskap Kliniek***

Jesus alleen is die Hoeksteen en ook die Sluitsteen, die Alfa en Omega. Maar is ek bereid om myself ook in hierdie tempel, hierdie nuwe huis van God, te laat inmessel? 'n Siersteen, of sommer net 'n gebakte kleisteen êrens, wat steun verskaf aan die huis van God? Almal kan tog nie fondament stene wees nie.

EKD Genesis het in die beginjare menige bevestigings ontvang oor wie die huis van God moet herbou. Ek herinner my aan 'n paar naamlik Sag 3:8; Sag 6:15; Sef 3:17-20. Die psalmdigter sê egter as God nie die huis bou nie, werk ons tevergeefs daaraan. Ek lees dit ook raak in Sag 6:12, 13. ***"Nie deur krag of geweld nie, maar deur My Gees"***, sê die Woord in Sag 4:6. Ek moet egter oorgee en God toelaat om met my te bou waar Hy wil. Maria het na sy die tyding van haar swangerskap ontvang het, dit aanvaar met die woorde: ***"Laat dit met U diensmaagd gaan volgens U Woord."*** *(Luk 1:38)*

Hier is dus 'n verloopstruktuur sigbaar naamlik:
Goddelike ingryping. (Die Woord kom tot my) Ek laat die Gees van God toe om in my te werk. Dan eers, as gevolg van my gehoorsaamheid en beskikbaarheid, begin God deur my werk.

Die absolute belangrikheid van die verbond word ook beklemtoon in Hag 2:5 ***"met betrekking tot die verbond wat Ek met julle gesluit het by julle uittog uit Egipteland, en my Gees sal in julle midde bestendig bly; wees nie bevrees nie!"***

Ek herinner myself aan die openbaring wat onlangs deur Ds. Wills aan ons gedeel is rakende 1 Joh 4:15 ***"Whosoever shall confess that Jesus is the Son of God, God dwelleth in him, and he in God."*** Die Grieks sê hier dat my belydenis dat Jesus die Seun van God is, eintlik in wese 'n verbondsverklaring is. Dit is dus nie per toeval dat verbondsluiting in EKD Genesis al baie jare deel van ons demonstrasie hiervan, teenoor die geesteswêreld is nie.

Dit is interessant om te weet dat die profeet Haggai gebore is ten tye van die Loofhutte fees en dat sy naam ook Jehova fees beteken. Ook het hierdie spesifieke woord van God tot die profeet Haggai gekom ten tye van hierdie spesiale fees, wat ook die tyd is waarheen ons nou beweeg in die komende weke.

Onthou ook dat die gees van Elia 'n belangrike wegwyser was met die eerste koms van Jesus. Luk 1:17 ***"En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei."*** Dit sal egter ook so wees voor Sy wederkoms. Mat 17:11 ***"En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel;"***

Luk 1:17 is ook 'n belangrike bousteen in EKD Genesis. God het dit aan baie mense deur die jare onafhanklik bevestig. Daarom gee ons ons samewerking aan hierdie woord en beywer ons onsself om deel te wees van 'n Elia span.
(Mat 17:11.)



***In-diepte besprekings van leierskap vind plaas tydens die Internasionale Leierskap Kliniek***

Ons gee onsself nie net as bousteen as gevolg van die verskeie beloftes uit die Woord nie, maar veral uit dankbaarheid teenoor die Vader en Jesus Christus vir die prys wat Hy reeds vir ons betaal het, en ook vir die huis van God wat nou gebou moet word.

Dr. H. Brüssow
Ouderling: EKD Genesis

## DIE OPDRAG*

*(*Aangehaal uit die preek van Ds. J.F. Landmann 04 September 2016 - Die Wasdom van die Koninkryk)*

"Die grootste uitdaging vir die kerk, volgens 1 Petrus 2:5, is om vir God offers te bring wat welgevallig is. Die vraag is of ons daarin slaag om vir God offers te bring wat vir Hom welgevallig is? Wanneer ék die geestelike huis en priesterdom is, dan gaan ek geestelike offers bring. Let wel, dit is nie *verstandelike* offers nie, maar *geestelike* offers. Hier begin die probleem van jou geestelike lewe, want dalk bring jy vir God verstandelike offers. Hierdie offers is volgens menslike standaarde in orde, maar geestelike offers is nie vir menslike standaarde in orde nie. Wanneer sal mens geestelike offers gee? Dis wanneer 'n mens 'n lewende steen is, deel is van die priesterdom en deel is van die geestelike huis. Wanneer word mens deel van die geestelike huis en die priesterdom? Wanneer 'n mens gehoorsaam is om soos 'n lewende steen ingebou te word. Die kruks van die saak is dat ek 'n lewende steen moet wees, en nie net 'n naam op 'n papier of op 'n adreslys nie.

In Efesiërs 1:11 (volgens die KJV vertaling) kom twee begrippe voor, naamlik: "Predestination" en "the council of His will". In die Afrikaanse 1933/53 vertaling verwys 'n gedeelte na ***"in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is".*** In Johannes 17:11(b) bid Jesus Christus ***"bewaar in u Naam die wat U My gegee het,"*** *Hierdie Woord is in die verlede, teenwoordige en toekomende tyd* ***- "die wat vantevore daartoe verordineer is, ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil."*** *Nie volgens jou wil nie.* Jy wil hê dat alles volgens jou wil moet werk. Daar is baie gebede wat nie deur God geantwoord word nie, omrede dit nie volgens die raad van Sy wil is nie.

Die opdrag aan EKD Genesis is drieledig:

- Om vir God 'n toegeruste volk daar te stel. Luk. 1:17
- Om die Christus-metode van dissipelskap te implementeer. Matt. 28:19
- Om die Bruid voor te berei vir die wederkoms.

***1 Petrus 2:2 "en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei," *****

Die apostel praat van onvervalste melk. As dit 2000 jaar gelede geleer was, dan sal dit nou ook 'n waarheid wees. God se Woord maak 'n beroep op ons, dat ons sal verlang na onvervalste melk, sodat ons daardeur kan opgroei. Die onvervalste melk beteken dat elkeen wie se fondasie reg gelê is, geestelik sal groei. Hoeveel mense kan opstaan en in alle eerlikheid verklaar dat hul fondasie uit orde was? Die leierskap van EKD Genesis is hier om jou met die onvervalste melk te bedien en hierdie melk gaan nie jou vlees komplementeer nie. Die oomblik wanneer ons die Heilige Gees toelaat om ons fondasie in orde te bring, sal ons groei ervaar.

*(**Aangehaal uit die preek van Ds. J.F. Landmann; "Die opdrag in vervulling" 28 Augustus 2016 - Die Wasdom van die Koninkryk)*

# Leierskap en Dissipelskap Kliniek

## 09 - 11 October 2020

*Aangebied te Genesis Huis volgens die Christus Metode van Dissipelskap.*
*Die doel van die kliniek is om leierskap in die liggaam van Christus toe te rus om dissipels van nasies te kan maak. Matt 28:19*





